Teksgedeelte: Psalm 130 en Heidelbergse Kategismus Sondag 6

Teksvers: Psalm 130:5

Tema: Wag op die Here – by Hom is die verlossing seker!

"Jesus is nie eintlik vreeslik anders as Boeddha nie. Altwee van hulle was maar net groot profete wat die mense in die rigting van God kom wys het. Dit was eintlik maar die apostels se beheptheid met Jesus wat veroorsaak het dat ons Hom vandag nog aanbid as God. Eintlik, maak dit glad nie meer vir ons sin dat Jesus werklik God kon gewees het nie en daarom kan ons ook nie sê dat daar net in Jesus Christus verlossing is nie."

Hierdie is die mening van `n groep gelowiges wat voel dat dit wat ons in die Bybel leer nie meer sin maak nie. Dit wat in die Bybel (wat hulle as die vaste riglyn vir hulle lewe aanvaar) oor verlossing geleer word, maak nie meer vir hulle sin nie of dit maak nie vir hulle sin om te sê dat God só streng is, dat daar net in Jesus Christus verlossing is nie.

Wanneer ons, wat wel aanvaar dat daar net verlossing in Jesus Christus is, met hierdie broers en susters van ons praat, kan dit maklik gebeur dat onsself ook hierdie vrae begin vra. Dit kan aanleiding gee tot vertwyfeling en dit kan uitloop werklike diep geloofsworsteling. Veral as ons familie of vriende het wat nie in Jesus Christus glo nie en ons weet dat die implikasie van ons oortuiging en die waarheid inhou dat hulle eendag nie die ewige lewe gaan ontvang nie.

Wanneer die psalmdigter Psalm 130 neerpen, hoor ons bykans dieselfde soeke in hom. Hierdie "dieptes" waarvan die psalmdigter praat gaan nie maar net bloot oor `n diep vallei waardeur hy moes gaan nie. Ook gaan dit nie maar net oor `n moeilike, fisiese uitdagende tyd van sy lewe nie. Hierdie diepte waarvan die psalmdigter hier praat, wys op diep, geestelike worstelinge waardeur hy moes gaan.

Hy het gelewe voor die tyd van Jesus Christus se geboorte en tog het hy geweet dat hy as mens niks kan doen om van sy sonde verlos te word nie. Hy het ook geweet dat God volkome heilig en sondeloos is en dat God se sin vir dit wat reg is eis dat die sonde gestraf moet word. Hy weet dat die mens gestraf moet word vir die sonde. Hy weet en besef dat hy as mens nie voor God sal kan bestaan nie weens sy sonde.

Soveel só dat hy sê dat as God sy sonde in aanmerking moes neem, hy nie voor God sou bestaan nie. Hierdie bestaan wys nie soseer op "lewe" nie, maar op `n persoon wat voor `n Regter staan. Hy weet dat God die Regter is en dat hy nie voor hierdie Regter sal kan staan nie, omdat sy oortredings só duidelik en só groot is dat nog `n getuie nie eers nodig is nie! Sy sonde en oortreding lê oop en bloot voor die Here, die Regter van die heelal.

Hy weet dit en tog raak hy nie moedeloos nie! Hy weet dit en tog eindig hy nie by "ek, ellendige mens, wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos?" nie. Soos Paulus

gaan hy amper verder en sê: “Aan God die dank! Hy doen dit deur Jesus Christus ons Here”.

Hy doen dit deur te sê dat hy op die Here wag. Die naam "Here" wat hier in vers 5 gebruik word, wys nie op die Here as die Almagtige, die Skepper en Onderhouer van die skepping nie. Die naam "Here" wat hier gebruik word, is baie spesifiek Jahweh. Dit is die God van die verbond, die God van troue, onvoorwaardelike, volmaakte liefde en genade. Die psalmdigter plaas sy vertroue hier in die God wat in verhouding met mense tree en wat mense lief het.

Hy weet dat verlossing net by God moontlik is en daarom dat hy op die Here vertrou. Hy weet dat geen mens iets kan doen om self sy sondeskuld te betaal nie. Hy weet dat dit God self sal moet wees wat die mens verlos, want hy weet dat geen mens die las van God se oordeel sal kan dra nie. Hy weet dat wanneer hy uit die dieptes na die Here roep en hy op die Here wag, sal die Here hom uit hierdie dieptes red.

Daarom wag hy op die vervulling van die woord van die Here. Van Genesis 3 af is die belofte van die Messias gegee - `n belofte waarmee hierdie psalmdigter as `n Israeliet baie bekend was. Van Genesis 3 af het God aan die mens die belofte gegee dat die Koning sal kom en dat hierdie Groot Koning die verlossing vir die mense sal bring. Juis om hierdie rede kan en wil die psalmdigter wag – want hy weet dat die God-mens, Jesus Christus, gaan kom!

Hy wag soos die wagte op die môre. Soos die laaste nagwaak wag vir die eerste lig van die nuwe dag om deur te breek, só wag hierdie Psalmdigter op die Nuwe Dag. Die dag wat Jesus Christus kom om die boodskap van die koninkryk van God te bring.

Vandag staan hierdie boodskap nog vas – by die Here is daar troue liefde, by Hom is die verlossing seker. Hy alleen kan die mens verlos van al sy sondes. Net by Hom kan jy verlossing vind. Die nuwe dag het aangebreek – sy koninkryk het reeds gekom en elkeen van ons kan deur die verlossing deel in sy koninkryk.

Wanneer ons dan in geloofvertwyfeling raak oor hierdie verskillende opinies oor verlossing, hoe reageer jy op hierdie vertwyfeling? As ons terug kyk oor ons lewe, sien ons die reddende genade van die Here. Dan beleef ons dat ons God kan vertrou, want Hy bly getrou. Dan hoor ons dat Hy die belofte van Genesis 3 en al die ander beloftes in die Ou Testament nagekom het toe Christus aan die kruis gesterf het. Die Woord van die Here het reeds al in vervulling gegaan.

Maar juis daarom kan ons nog wag - selfs al is die redding in Jesus Christus reeds `n realiteit.  Ons kan wag, want daar is nog `n belofte wat in vervulling moet gaan. Daar is nog `n belofte van redding en uitkoms wat die Here gemaak het.  `n Redding en uitkoms nie net van die sonde nie, maar `n redding en uitkoms van elke stukkie moontlike geloofsvertwyfeling wat daar mag wees.  `n Belofte van Christus wat weer kom, waar ons gaan sien wat ons nou nog net glo en hoop. Wag ons nog met

afwagting op die weerkoms van die Here terwyl ons nou reeds die vergifnis ontvang het?

Wag op die Here, want by Hom is die verlossing seker!

Amen